testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2017

## GRAAD 10

# REKENINGKUNDE

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 200**

**9 bladsye**

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# PROVINSIALE EKSAMEN
# REKENINGKUNDE

**PUNTE: 200**
**TYD: 2 uur**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. Beantwoord alle vrae in die antwoordboek wat voorsien word.
3. Wys alle bewerkings sodat deelpunte toegeken kan word.
4. Nie-programeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Alle antwoorde moet in blou of swart ink geskryf word.
6. Veranderinge moet netjies gedoen word. **ONWETTIGE** syfers sal nie nagesien word nie.
7. Gebruik die inligting in die tabel hier onder gegee as 'n riglyn om die vraestel te beantwoord.
8. Probeer om **nie** van bogenoemde tye af te **wyk nie**.

| Vraag | Besonderhede | Punte | Tyd in minute |
|---|---|---|---|
| 1 | Rekeningkundige vergelyking | 60 | 35 minute |
| 2 | Kontrolerekeninge en Algemene Joernaal | 80 | 50 minute |
| 3 | Krediteure grootboek rekeninge | 20 | 12 minute |
| 4 | Lening en kapitalisering van rente | 15 | 8 minute |
| 5 | Salarisse | 25 | 15 minute |
| **Totaal** | | **200** | **120** minute |

## VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING (60 punte; 35 minute)

**INLIGTING**

M Juma het sy eie besigheid, M J Winkels begin. Hy gebruik die deurlopendevoorraadstelsel.

**GEVRA:**

Ontleed die transaksie wat plaasgevind het in April 2017 volgens die antwoordboek wat verskaf word. Die eerste transaksie is vir jou gedoen as 'n voorbeeld.

Neem aan dat die Banksaldo ten alle tye gunstig is.

**TRANSAKSIES**

Bv. Koop skryfbehoeftes van JB Skryfbehoeftehandelaars vir R300 en betaal per tjek.

1 M Juma onttrek R50 000 uit die besigheid se lopende bankrekening en deponeer dit in sy persoonlike om sodoende sy kapitaal bydrae te verminder.

2 Belê R100 000 as 'n Vaste deposito by NB Bank teen 8% rente per jaar.

3 Koop goedere op krediet van J B Handelaars vir R3 500 min10% handelskorting. JB Handelaars hef ook 'n afleweringsfooi van R420 op die faktuur.

4 Verkoop goedere op krediet aan N Costa, R9 100. Die winsgrens op koste van verkope is R2 600.

5 Die kleinkas voorskot bedrag is R1 000. R870 was gedurende die maand uit die kleinkas betaal vir verskeie uitgawes. Ontleed die inskrywing van die tjek wat uitgereik word om die kleinkas voorskot te herstel.

6 'n Afslag van R1 360 word toegestaan aan N Costa vir beskadigde goedere aan hom verskaf.

7 Die eienaar neem handelsvoorraad om deur sy seun gebruik te word. Die verkoopprys is R2 240 en die koste van verkope is R1 600.

8 Volgens die Bankstaat wat op 30 Mei 2017 ontvang is:

- Bankkoste gehef vir die maand R380
- Rente op lopende bankrekening R520

9 Ontvang R800 van NB Bank as rente op Vaste deposito. Rente word nie gekapitaliseer nie.

**VRAAG 2: KONTROLEREKENINGE** **(80 punte; 50 minute)**

Die inligting verskaf word geneem uit die rekeningkundige rekords van Jalapeno Handelaars op 31 Maart 2017. Die besigheid gebruik ŉ winsgrens van 50% op kosprys.

**Gevra:**

2.1 Teken die transaksies soos verskaf in die INLIGTING aan in die Algemene Joernaal. (35)

2.2 Berei die volgende rekeninge voor in die Algemene Grootboek van Jalapeno Handelaars. Bereken die saldo's in die rekeninge op 31 Maart 2017.

| **Rekening** | **Saldo's op 1 Maart 2017** |
|---|---|
| Debiteurekontrole | R85 200 |
| Krediteurekontrole | R100 600 |
| Handelsvoorraad | R190 000 |

(45)

**INLIGTING**

**A Kontantontvangstejoernaal**

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Korting toegestaan | Debiteure-kontrole (Ontvangste) | Diverse-rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| ? | 131 700 | ? | 1 700 | 110 000 | ? |

**B Kontantbetalingsjoernaal**

| Bank | Handelsvoorraad | Korting ontvang | Krediteure-kontrole | Debiteure-kontrole | Diverse-rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| ? | 80 050 | 1 000 | 155 600 | 4 000 | ? |

**C Debiteurejoernaal**

| Verkope | Koste van Verkope |
|---|---|
| 135 900 | 90 600 |

**D Debiteure-afslagjoernaal**

| Debiteure-afslag | Koste van verkope |
|---|---|
| 1 710 | ? |

**E Krediteurejoernaal**

| Krediteurekontrole | Handelsvoorraad | Toerusting | Verbruiksgoedere | Diverse |
|---|---|---|---|---|
| 180 700 | 160 300 | | | ? |

**F Krediteure-afslagjoernaal**

| Krediteurekontrole | Handelsvoorraad | Toerusting | Skryfbehoeftes | Diverse |
|---|---|---|---|---|
| 28 100 | 16 900 | ? | ? | ? |

| G Algemene Joernaal | | | |
|---|---|---|---|
| Debiteurekontrole | | Krediteurekontrole | |
| Dt | Ct | Dt | Ct |
| 1 800 | 970 | 1 150 | 70 |

**H Transaksies op 31 Maart 2017**:

1 Skryfbehoeftes aangekoop vir R1 200 was verkeerdelik geboekstaaf as handelsvoorraad. Herstel die fout**.**

2 ꞌn Kredietnota uitgereik aan J. Chan, ꞌn debiteur, vir goedere deur hom teruggestuur vir R3 700 was aangeteken in die Debiteurejoernaal. Herstel die fout.

3 Ontvang ꞌn tjek vir R520 vanaf ꞌn debiteur, I. M. Broke, as ꞌn eerste en finale dividend van 40 sent in die Rand. Die geld ontvang was behoorlik geboekstaaf in die kontantjoernaal. **Skryf die balans van die rekening af as oninbaar.**

4 Korting ontvang van Mario Winkels R3 000 is verkeerd oorgeboek na die rekening van Marion Handelaars.

5 Ontvang R500 van G. Hope, ꞌn debiteur wie se rekening van R500 vroeer afgeskryf is as oninbaar. Die inskrywing was aangeteken in die Debiteurekontrole in die KOJ en so oorgeboek. **Verbeter die fout.**

6 Plaas ꞌn krediet saldo van R1 000 van die rekening van T Pule in die debiteuregrootboek oor na sy rekening in die krediteuregrootboek.

**VRAAG 3: KREDITEUREGROOTBOEK** **(20 punte; 12 minute)**

Die volgende inligting word geneem uit die rekeningkundige rekords van Fast Handelaars vir die maand van Junie 2017.

**Gevra:**

Doen die rekening van Kingsgate Bpk, ʼn krediteur, in die krediteuregrootboek van Fast Handelaars. (20)

**INLIGTING:**

**Transaksies van Kingsgate Bpk vir Junie 2017**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Saldo verskuldig | 20 750 |
| 3 | Ontvang faktuur nr. 231 vir goeder verskaf | 5 940 |
| 7 | Reik tjek nr. 559 uit<br>Korting ontvang | 9 500<br>230 |
| 11 | Eis handelskorting van 5% op die goeder wat op 3 Junie 2017ontvang is. (D/N 53) | ? |
| 15 | Goedere aangekoop vanaf King Handelaars gedurende Mei 2017 was verkeerdelik aangeteken in die rekening van Kingsgate Bpk. Verbeter die fout. | 4 970 |
| 25 | Kingsgate Bpk. belas die agterstallige rekening met rente | 68 |

**VRAAG 4 LENINGS EN KAPITALISERING VAN RENTE**

**(15 punte; 8 minute)**

Die inligting verskaf kom uit die boeke van Rave Handelaars.

**GEVRA:**

4.1 Doen die volgende rekeninge in die algemene grootboek:

4.1.1 Lening: ZA Bank (Balanseer die rekening op 28 Februarie 2017) (9)

4.1.2 Rente op Lening (2)

4.2 Bereken die kapitale bedrag wat gedurende die finansiële jaar terugbetaal is. (4)

**INLIGTING**

**Leningstaat van ZA Bank op 28 Februarie 2017**

| | |
|---|---|
| Saldo verskuldig op1 Maart 2016 | 380 000 |
| Maandelikse terugbetaling van R6 400 vir 12 maande | ? |
| Rente gekapitaliseer deur die bank | ? |
| Saldo op 28 Februarie 2017 | 315 440 |

**VRAAG 5: SALARISSE** **(25 punte; 15 minute)**

Die volgende inligting verskaf is in verband met Mary, 'n werknemer.

5.1 Verduidelik die verskil tussen die terme *bruto salaris* en *netto salaris*. (2)

5.2 Gebruik die inligting om Mary se betalingsadvies vir Maart 2017 voor te berei (12)

**INLIGTING:**

| | |
|---|---|
| Salaris per maand | R 7 600 |
| **Aftrekkings** | |
| SAID: LBS | 260 |
| Mediesefonds | 900 |
| WVF | 1% van bruto salaris |
| **Werkgewersbydraes** | |
| Mediesefonds | 50% |
| Pensioenfonds | 7.5% van bruto salaris |
| WVFF | 1% van bruto salaris |

5.3 Die volgende is 'n salaris skaal van 'n werknemer, K. Bulani.

R48 000 x R2 400 – **R57 600** x R2 900 – R66 300

Gebruik die boonste skaal en beantwoord die volgende vrae:

5.3.1 Wat is Mnr K Bulani se maandelikse salaris in die eerste jaar in diens? (2)

5.3.2 Wat sal Mnr K Bulani se verhoging wees na die eerste jaar? (2)

5.3.3 Hoeveel jare sal Mnr K Bulani moet werk om die tweede vlak op sy salarisskaal te bereik? (3)

5.3.4 Wat sal Mnr K Bulani se maandelikse salaris wees wanneer hy sy maksimum salaris volgens sy skaal bereik. (2)

5.4 Verskaf TWEE redes hoekom persone op verskillende salarisskale aangestel word. (2)

| TOTAAL |
|---|
| **200** |

**EINDE**